# menlo-insig

19/2023

## LIEWE MENLO

Die derde kwartaal behoort aan die kunste. Ons vier vandeesweek die talent op Menlo-bodem met 'n Insig-uitstalling en fotoverhaal van die revue.





# DAGBOEK

| | |
|---|---|
| **11/8** | Drama: Ermelo Toneelfees tot 12/8<br>Hokkie: Topskoletoernooi tot 13/8<br>Tennis: o. 15-toernooi (AHS) tot 12/8 |
| **12/8** | Drama: Eisteddfod<br>Fietsry: Liga 3 (HTS John Vorster)<br>Netbal: SASN-kampioenskap (o. 16 & o. 17)<br>SOS-Wiskunde: Graad 8 (Ouditorium, 10:00) |
| **14/8** | Gholf: GN-Hoërskoleproewe (finaal) |
| **15/8** | Revue: 8-Beatskompetisie tot 18/8<br>Matriekraad: Afsluitingsfunksie (Saal, 16:00 – 18:00) |
| **16/8** | Matriekraad: Ontheffing- en inhuldiging (Amfiteater, 07:30)<br>Landloop: Liga (Curro Hazeldean)<br>Tennis: Marilie Moolman Toernooi (Cradock) |
| **17/8** | Netbal: Motsepe-toernooi (o. 15)<br>Koor & Junior Koor: Afsluitingskonsert (Saal, 19:00) |




## MENLO MA'S WAT OMGEE

**Lied 464**

Dan moet ek juig, my Redder en my God! Hoe groot is U, hoe groot is U! Want deur die hele skepping klink dit saam. Hoe heerlik Heer U grote Naam!









# AKADEMIE





### FW-klasse vir die kwartaal

**Graad 11** Maandae (D102) 14:05 – 15:00

**Graad 10** Donderdae 14:05 – 15:00

2/8 Me. Calitz (H9);
10/8 Me. Van der Walt (H11); 17/8 Mnr. Joubert (A106)
24/8 Me. Van der Walt (H11); 31/8 Me. Calitz (H9); 7/9 Mnr. Joubert (A106)
14/9 Me. Van der Walt (H11); 21/9 Me. Calitz (H9)

**Graad 9** Maandae 14:10 – 15:00

21/8 Me. Calitz (H9); 4/9 Me. Van der Walt (H11); 18/9 Mnr. Joubert (A106)
25/9 Mnr. Joubert (A106)

**Graad 8** Dinsdae 14:10 – 14:45

15/8 Me. Van der Walt (H11); 22/8 Me. Labuschagne (H10); 5/9 Me. Labuschagne (H10);
19/9 Me. Moolman (H7); 26/9 Me. Labuschagne (H10)

# KUNS

### Bont Huijs Kunsmakietie: Kunsplesier op sy beste

Daar word beweer dat Afrikaners plesierig is, maar op Menlo-bodem word plesier in kuns gevind. Die Bont Huijs se skolekunskompetisie het verlede naweek met 'n fees van kuns en talent ten einde geloop.

Die room van hoërskolekuns is genooi om in twee kategorieë aan die kompetisie deel te neem. Twee werke per skool is vooraf gekeur om sodoende tien semifinaliste aan te wys. Nadat die beoordelaars hulle oordeel gevel het, is die publiek genader om die finale sê te sê. Vyf en twintig duisend stemme later is Zeané Schoeman (gr. 10) as die naaswenner aangewys.

In die impromptu-afdeling het Menlo se kunsleerders eweneens puik resultate behaal. Die tema vir hulle A3-kunswerk was *Voicing Nature*. Leerders is vier uur gegun om die beoordelaars met kleur, talent en interpretasie te beïndruk. Baie geluk aan Stephen le Roux wat die prys (en R1 000) vir die beste skildery van die dag opgeraap het.

Die feestelikheid is op kunstige noot afgesluit toe die bekroonde beeldhouer, Francois Coertze, 'n beeld gemaak het terwyl hy geblinddoek was! Menlo-kuns bedank graag die kunstenaars vir hulle entoesiastiese deelname, asook mnr. Francois Bonthuys vir dié inisiatief.

#### Menlo-finaliste: Reeds bestaande kunswerke

Sue-Ann Barnard (gr. 12) & Zeané Schoeman.

#### Impromptu-afdeling

Shay-Leigh Barbier (gr. 11), Stephen le Roux (gr. 12) & Rouxle Nel (gr. 12).















# AKADEMIE

## Parkie-prestasies gevier



Baie geluk aan elke Parkie met sy/haar rapport. Die skool is trots op almal wat hulle persoonlike doelwitte bereik het. Die Insig vier graag die vordering van ál die Parkies en wens die top-20-presteerders van elke graad van harte geluk.

### Graad 8

1. Adri de Beer (95.11%); 2. Liané de Wet; 3. Joshua Muller; 4. Markus de Jager; 5. Gisele Geldenhuys en Liané van Sittert; 7. Talia Jonker; 8. Conrad Ehlers; 9. Jeanne-Marie van Brummelen; 10. Simoné Spies; 11. Kendra van Dijk, 12. Luane Erasmus; 13. Leila Arnoldi; 14. Dante Slabbert; 15. Selie de Villiers; 16. Milan Visser; 17. Ethan Steenkamp; 18. Nicole Enslin; 19. Ané Pretorius; 20. Jeremai Nel.

### Graad 9

1. Erik Senekal (96.89%); 2. Luan Visser; 3. Lauren Malan; 4. Clara Serfontein; 5. Corlise Potgieter; 6. Le Roux van Wyk & Rian Knoesen; 8. Luka Smit; 9. Inge Higgins; 10. Nicholas Pretorius; 11. Wynand Botha; 12. Xanté Strauss; 13. Enya Pretorius; 14. André Kruyshaar & Karla van Rooyen; 16. Nina Dicks; 17. Mia de Waal; 18. Robyn de Kock; 19. Skye Smit; 20. Nicola van Rensburg, Jenna Mason & Lente Swanepoel.

### Graad 10

1. Melike Spies (95.29%); 2. Wilna Beetge; 3. Megan Johnson; 4. Elsjé Groenewald; 5. Jean-Marie van den Berg; 6. Gerhard Mahne, Elzette Fouche & Ininke Human; 9. Isabeau van Helsdingen; 10. Wihan Vermeulen; 11. Ryan Hill; 12. David Kunzmann; 13. Deané v Zyl & Telani Jv Rensburg; 15. Chenay de Jager; 16. Jasper Smit; 17. Selmé Beetge; 18. Andries Beyers & Micaela Swart; 20. Friedrich Weilbach & Mila Stander.

### Graad 11

1. Lelize van der Walt (96%); 2. Viljee Smit; 3. Daniélle de Wet; 4. Cari Billman; 5. Ewald Meyer; 6. Alwyn Esterhuizen & Altus Malan; 8. Mika Groenewald; 9. Kristen de Wet & Rudolph Jordaan; 11. Rolandt Grosskopf & Genna Cloete; 13. Mia van Dyk & Miné de Kock; 15. Ruben van Biljon; 16. Keila Manthe, 17. Janine Kirsten; 18, Daniël Pienaar; 19. Amoré Frazao en Marike Louw.

### Graad 12

1. Sheliza de Wet (97.29%); 2. Dannhauser vd Merwe; 3. Mikal Venter; 4. Niencke Bloem; 5. Luca du Plessis; 6. Talita Engelbrecht; 7. Lilan Swanepoel; 8. Erasel Boer, Monique vd Merwe & Rigardt Bosch; 11. Kiara Geldenhuys; 12. Reghardt van Biljon; 13. Karlien Lambrechts; 14. Lamari Wagener; 15. Micaela Maas; 16. Gerard Jordaan, 17. Janko Lubbe & Martie van Wyk; 19. Milandri Schutte & Marike Bosch.

# LEIERSKAP

## Parkie- en Matriekraad verkies!

Augustusmaand is verkiesingsmaand! Baie geluk aan die Parkies wat tot die Parkieraad en Matriekraad verkies is.

### Graad 9 (2024)

#### Seuns

Danie Botma, Emile Calitz, Christiaan de Jager, Conrad Ehlers, Tristan Engelbrecht, Gustav Grosskopf, Luhan Hattingh, Ruben Jv Rensburg, Johannes Maas, Joshua Muller, Jan-Willem Pienaar, Erich Pieterse, Stehan Serfontein & Noah Stopforth.

#### Dogters

Juliet Botha, Adri de Beer, Anika de Souza, Liané de Wet, Luané Erasmus, Talia Jonker, Gia Marais, Megan Nieman, Lisa Reyneke, Tristané Schmulian, Simoné Spies, Ruvé van der Ende, Kayden Venter & Milan Visser.



## Graad 10 (2024)

### Seuns

Keenan Bam, Liam de Koning, Jean du Plessis, Luke du Plessis, Franco du Plooy, Murray Hofmeyr, SJ Kemp, Rian Knoesen, Christopher Niemann, Erik Senekal, Ruwan Smith, Dawid van den Heever, Le Roux van Wyk & Luan Visser.

### Dogters

Leandri Botha, Mia Collins, Mia de Waal, Jade Gruen, Kayli Lombard, Mila Lombard, Talita Lubbe, Lauren Malan, Anja Steidler, Lente Swanepoel, Zanté Uys, Kathleen van Rooyen, Fabiénne Wiid & Reeze Zeuner.

## Graad 11 (2024)

### Seuns

Janno Auret, Juvan Botha, Michal du Toit, Ryan Hill, Andru Keun, David Kunzmann, Everardo Lintvelt, Nicolas Nieman, Rheuben Pieterse, Jesse Pretorius, Rudolph Smith, J.N. van Wyk & Wihan Vermeulen.

### Dogters

Naidene Bouwer, Sanja Buitendag, Elzette Fouché, Ininke Human, Megan Johnson, Mika Loots, Zané Loots, Danielle Muller, Anushka Naidoo, Karina Pont, Melike Spies, Isabeau van Helsdingen.

## Matriekraad

### Seuns

Tivann Bezuidenhout, Werner Bezuidenhout, Logan Botha, JP de Beer, Phillippus de Bruyn, Reinardt de Jager, Philip du Plessis, Wiandré du Plessis, Gerhard du Preez, Ruben Fourie, Evert Greyling, Rolandt Grosskopf, Rudolph Jordaan, Ronald Khunou, Arno Klerck, Ernst Kromhout, Paul Lubbe, Altus Malan, Devan Matthee, Ewald Meyer, Christiaan Moodie, Jordan Naidoo, Daniël Pienaar, Ivan Ramushu, Daneal Roode, Viljee Smit, Steve Stolk, Ruben van Biljon, David van Niekerk, Stefan van Niekerk, Louis van Rooyen, Christoff van Zyl, Leshaan Wagner & Siebert Wiid.

### Dogters

Marinell Agenbag, Cindy-Lee Beyer, Cari Billman, Lize Booysen, Genna Cloete, Keira de Jager, Mia de Jager, Miné de Kock, Daniélle de Wet, Carli Dicks, Charlice Gous, Mika Groenewald, Lalique Hoffman, Alicia Khunou, Leané Labuschagne, Keila Manthe, Mari-el Massyn, Megan Murphy, Anja Naudé, Megan Petersen, Elrisha Ras, Anke Rautenbach, Jeanri Richter, Colene Scheepers, Bianca Schmulian, Ilme Taljaard, Marisa van den Berg, Cellonika van den Berg, Carlize van Jaarsveld, Lelize vd Walt, Lente van Nieuwenhuizen, Anje van Papendorp, Amy van Staden & Carli van Wyk.







# DEBAT

## Parkies sink opponente met flink dinkwerk

Die opdrag was eenvoudig: Dink of sink. Ofskoon *sink* gewoonlik met water geassosieer word, was Menlo se debatteerders nie by die Dink-of-Sink-kompetisie soos visse op droë grond nie en kon hulle gemaklik daarin slaag om op hulle voete te dink en die opponente te laat watertrap.

Die Dink-of-Sink-reëls bepaal dat spanne uit drie lede elk bestaan. By die kompetisie aangekom, is daar geloot om te bepaal of 'n span 'n onderwerp gaan ondersteun of teenstaan. Daarna is 'n geseëlde koevert oopgemaak om die onderwerp te onthul. Na slegs vyf minute is die eerste spreker aan die woord waarna die debat in alle erns afskop.

Dit is goeie debatraad om die opponente met hulle eie medisyne om die bos te lei – 'n vaardigheid wat fyn luistervaardighede en vinnige dinkwerk vereis. Die Menlo-debatmoment van die Dink-of-Sink-kompetisie behoort vandeesweek aan Andries Beyers, 'n Parkie wat meesterlik daarin geslaag het om die opponente met hulle eie argument te troef en die gehoor te laat skaterlag.

Die Insig berig graag dat die kompetisie intussen ten einde geloop het en dat daar nie 'n enkele Menlo-insinking aangemeld is nie.

Knap gedaan, Menlo-debat.













# REVUE

## Menlo-marionette: touwys, nootvas en vlugvoetig

Op Menlo-bodem word leerders aangemoedig om kritiese denkvaardighede te ontwikkel. Die bordjies is egter verlede week by die revue-optredes verhang toe die Parkies hulle vermoë om onafhanklik te dink tydelik afgeskakel het om die karakters van marionette aan te neem.

Die metamorfose van Menloparker na marionet het nie oornag gebeur nie: Daar is vir maande beplan, geoefen en gewerskaf om te verseker dat die akteurs hulle passies perfek uitvoer wanneer die gordyn lig. Dit sou nie billik wees om van 'n marionet te verwag om sy/haar beste voet in 'n gewone skoolsaal voor te sit nie en dit is die rede waarom die Menlo-saal oornag in 'n glansryke teater omtower is.

Marionette is gewoonlik nie juis spraaksaam nie, maar hierdie keer was dit die gehoor wat verstom toegekyk het hoe die Menlo-marionette die verhoog aan die brand sing en dans.

Die skool rig graag 'n woord van dank en gelukwensing aan mnr. Mc Geer en sy span met 'n uitsonderlike produksie.

Die reis van konsep na konsert getuig van vasberadenheid en kreatiwiteit – eienskappe wat handig te pas sal kom wanneer die revuegroep eersdaags aan kompetisies deelneem. In die revuewêreld loop die pad na revueroem verby 'n hele paar beoordelaars en die Parkies is slaggereed. Bravo, Menlo-revue! Julle oomblik is hier: Hou hoog die vaandel wit en blou!






# GHOLF

## Gholfspelers begin liga op hoë noot

Gholf is 'n sport wat met flambojante uitrustings en lowergroen setperke vereenselwig word. Ofskoon Menlo se blou nie so uitspattig soos 'n Ian Poulter- of Ricky Fowler-uitrusting is nie, is daar steeds kookwaterspel op die *kruin*, in die *kloof* en op die setperk gelewer. Knap gedaan aan Menlo se spelers wat die pap sommer vanuit die staanspoor dik aanmaak.

Hier volg die uitslae van verlede week se ligas:

**B-afdeling**


Menlo 3 vs. Overkruin 1: 43-33
Menlo 4 vs. Waterkloof 3: 28-33
Menlo 3 vs. Zwartkop 1: 43-41
Menlo 6 vs. Waterkloof 3: 30-33
Menlo 7 vs. Eldoraigne 2: 42-28
Menlo 5 vs. Eldoraigne 2: 43-28

**C-afdeling**

Menlo 9 vs. Zwartkop 3: 46-32
Menlo 9 vs. Eldoraigne 3: 48-42
Menlo 10 vs. Curro Hazeldean: 44-45

**D-afdeling**

Menlo 12 vs. Waterkloof 8: 52-18

# PERDRY


## Menlo-ruiters skop stof op by Gauteng-finaal

Baie geluk aan die ruiters wat die skool op 5 en 6 Augustus by die Gauteng-finaal verteenwoordig het. Die skool is trots op hulle puik prestasies en volgehoue harde werk.

| **Ruiter** | **Posisie** | **Dissipline** |
|---|---|---|
| Inge Higgins | 1 & 2 | Dressage |
| Mirabelle Neveling | 2, 2 & 1 | Dressage & Working Riding |
| Ziané vd Berg | 5, 8, 3, 4, 8, 3 | Dresage, Equitation, In-hand Utility, Performance Riding, Prix Caprilli, Working Hunter |
| Donné de Jongh | 5, 7, 2 | Dressage, Working Riding |
| Chloe Durrant | 3 | Equitation |
| Madia vd Westhuizen | 2, 2 | Handy Hunter & Show Jumping |
| Amoné Fourie | 7 | Performance Riding |
| Annabell Burger | 2 | Show Jumping |
| Jana Fouche | 3, 7 | Show Jumping |
| Roi Fourie | 2 | Working Riding |







# SPOG

## Parkie maak spore op dansbaan

Vyf. Ses. Sewe. Agt. Jealise Goosen is 'n Parkie wat haar danspassies ken. Hierdie talentvolle leerder het onlangs aan SABOD se provinsiale kwalifiseerder vir uitvoerende kunste deelgeneem en twee eerste plekke behaal. Welgedaan, Jealise!


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN



TOYOTA
LEAD THE WAY
NMi TOYOTA MENLYN
Legendary deal
HILUX DOUBLE CAB, LEGEND 4X4 RS AUTO
ONLY R899 900
HILUX
Colette Nel
New car Sales Executive
012 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply




JB Makeup, Styling, Hair
GR10-11 DANCE
&
MATRIC
FAREWELL
BOOK NOW
HAIR &
MAKEUP
WHATSAPP
0823327094
TO SECURE
YOUR
BOOKING
TODAY!
FOLLOW US ON




MidCity
HUISE EN WOONSTELLE
TE HUUR IN JOU OMGEWING
ANNETTE: 082 490 1257
BESOEK GERUS ONS
WEBBLAD VIR MEER INLIGTING
WWW.MIDCITY.CO.ZA
012 426 3400





TOYOTA
LEAD THE WAY
NMi TOYOTA MENLYN
Vitz Special ONLY R169 000
SAVE 20K
VITZ
Colette Nel
New Car Sales Executive
082 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply




STUDENTE
AANBOD
Ouderdomme
13-23
R999
insluitend 'n oogtoets, raam en die nuutste
blou blokkende lense
specsavers
VIR BEKOSTIGBARE OOGSORG
HILLCREST | 012 362 3144
Bepalings & Voorwaardes geld.


NGUNI MOON VLEISVERWERKING
Ek praat vlot SOSATIE
Cheese Grillers
EXTRA LEAN MINCE
Beessosaties
Hoendersosaties
Boerewors
Gerookte
cheese grillers
Rumpsteak
Rumptail steak
EN BAIE MEER!!
NGUNI MOON VLEISVERWERKING
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif
Kontak Piet!


R350 PP
INCL LIGHT REFRESHMENT
BRING A FRIEND AND RECEIVE A DISCOUNT
COLAB HEALTH
PRESENTS:
WHY DO I HAVE A CONSTANT
HEADACHE?
Come join us for an educational evening about all things related to headaches
Speakers:
Dr Mori Boshomane (General practitioner)
Danielle de Pinho (Biokineticist)
Charl de Kock (Physiotherapist)
Reatha Badenhorst (Dietitian)
DAY 17 AUG
TIME 18:30
Sunwood Park, Unit 5B 379 Queens Crescent, Lynnwood
Limited seats. Book before 4 Aug at
0662727488 or reception@colabhealth.co.za


WEN
SUZUKI
R200
Swift 1.2 GL
https://store.sticitt.co.za/verefees
LAERSKOOL ANTON VAN WOUW
WOUWTJIES
Anton van Wouw TRUST
TREKKING: BY VEREFEES
2 SEPTEMBER 2023 om 21:00
PENTA MOTOR GROUP